

Christus verenig man en vrou in die huwelik. Hy seën nie mooi verhoudings nie

Maandag

Huweliks- en verhoudingspreek 03 Efe.5: 21 – 32 Direkte Afrikaanse Vertaling.

Efesiërs 5: 32,33: “Om hierdie rede sal ’n man sy pa en ma verlaat en hom aan sy vrou verbind – en hulle twee sal een liggaam wees. Hierdie geheimenis is groot; ek sê dit met verwysing na Christus en sy kerk.” Tema: “Christus verenig man en vrou in die huwelik. Hy seën nie mooi verhoudings nie.” Efesiërs 5 wys dat die binding tussen Christus as mens in die hemel vandag en ons as mense op aarde, is dieselfde hegting wat daar tussen ’n man en vrou in die huwelik is. Al twee hierdie hegings met mekaar is verenigings. Dit is nie verhoudings nie. Dit is die openbaring: verhoudings is nie ’n huwelik nie en ’n huwelik is nie ’n verhouding nie. Die huweliksverbintenis tussen man en vrou is ’n vereniging. Dit is soos die verskil tussen ’n oplossing en ’n mengsel! Water is ’n oplossing, en olie en water wat geskud is, is ’n mengsel. Wanneer ons olie en water skud, breek dit in klein deeltjies op om ’n melkerige vloeistof te vorm wat ons ’n mengsel noem. Dit is water en olie wat meng, maar water bly water en olie bly olie. Hulle meng vir ’n rukkie en dan sak hulle weer uit mekaar uit. Water (as oplossing) is die geheimenis dat twee is een, soos Paulus dit stel in Efe. 5. Wat is water? Water is twee gasse: waterstof en suurstof. Wanneer ons hierdie twee gasse in ’n houer sit en ons stuur ’n elektriese stroom daardeur, dan verenig hierdie gasse se twee deeltjies met mekaar, hulle heg aan mekaar vas in ’n vereniging. Elkeen bly wat hy is, maar net omdat hulle met mekaar verenig, word hulle in hulle vereniging iets heeltemal anders. Dis dan water en dit bly water. Water is twee gasse wat verenig het, maar die melkerige vloeistof (die mengsel van olie en water) bly net ’n mengsel. Die Bybel leer ons dat die huwelik is ’n vereniging deur God, nie ’n verhouding deur mense nie. Dit is ’n oplossing nie ’n mengsel nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Huweliks- en verhoudingspreek 03 Efe.5: 21 – 32 Direkte Afrikaanse Vertaling.

Efesiërs 5: 32,33: “Om hierdie rede sal ’n man sy pa en ma verlaat en hom aan sy vrou verbind – en hulle twee sal een liggaam wees. Hierdie geheimenis is groot; ek sê dit met verwysing na Christus en sy kerk.” In Efesiërs 5 wys Paulus vir ons 2 verbintenisse wat nie verhoudings is nie, maar verenigings. Die eerste verbintenis is tussen Christus as mens in die hemel vandag en ons as Christene. Twee is een! Christus en ons is een liggaam! 5: 30 Hy is vandag mens in die hemel na liggaam, siel en gees – liggaamlik mens! Hy is as mens “sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en sonder smet.” Deur ons met Hom te verenig in sy liggaam as mens, deel ons deur hierdie vereniging in wie Hy as mens vandag is. Só is ons ook “sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en sonder smet.” In ons vereniging met Christus is ons sy kerk, vir Hom heilig en onberispelik. Buite hierdie vereniging is ons sondaars. Hierdie vereniging met Christus as mens, is nie ’n verhouding, ’n mengsel met God nie. In afgodsdien glo mense dat hulle en God deur ’n verhouding ’n mengsel word. Hulle en God word opgebreek en gaan in mekaar op deur hulle self aan mekaar oor te gee, soos water en olie wat geskud word. God en mens kan nooit met mekaar verenig om iets anders te wees as God en mense nie. Die geloof dat

Christus verenig man en vrou in die huwelik. Hy seën nie mooi verhoudings nie

mense goddelike mense word en God 'n menslike god word, is afgodsdien. Ons word met Christus AS MENS in die hemel verenig en in hierdie vereniging is ons sy menslike heiligheid en onberispelikeid – is Christus ons Hoof en ons sy liggaam. Twee gasse is een – water! Preek beskikbaar op Google by ngkerklvubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Huweliks- en verhoudingspreek 03 Efe.5: 21 – 32 Direkte Afrikaanse Vertaling.

Efesiërs 5: 32,33: “Om hierdie rede sal 'n man sy pa en ma verlaat en hom aan sy vrou verbind – en hulle twee sal een liggaam wees. Hierdie geheimenis is groot; ek sê dit met verwysing na Christus en sy kerk.” Die tweede geheimenis waar twee een is, is die man en vrou in die huwelik. Die aksent “hulle twee sal een liggaam wees”, verwys ook na hoe kinders uit hierdie eenheid gevorm word. Man en vrou se liggame is in hulle kind een liggaam. 'n Kind is 100% die ma se RNA en 100% die pa se RNA. Hierdie RNA molekules kom nie in 'n verhouding met mekaar nie. Hulle verenig om iets totaal nuuts en anders te wees, een liggaam, een kind! Daarom is die huwelik ook die instelling waarin hierdie kind in die eenheid van man en vrou met mekaar, gevorm, versorg en gekoester word. Die huwelik is iets wat God skep en laat gebeur. Waar 'n man en vrou hulle self in liefde vir mekaar gee om, een lewe, een toekoms, een tuiste, een inkomste en een liggaam saam te deel, skep God iets anders as hulle verhouding met mekaar. God skep 'n vereniging waarin die man en vrou nou in mekaar “husband and wife” is en nie net meer “a man and a woman” is nie. Dit is net soos waterstof en suurstof 'n elektriese vonk nodig het om dit met mekaar te verenig om water te wees. Net so is dit 'n magdaad van God waardeur Hy 'n man en vrou wat hul self aan mekaar in liefde gee, in mekaar insluit om in en vir mekaar “husband and wife” te wees. Elkeen behou sy eie persoonlikheid en lewe, sonder om wat hulle is, prys te gee, maar in hulle vereniging as man en vrou is hulle een liggaam! Die huwelik is 'n instelling en skepping van God tussen 'n man en vrou. Dit is nie 'n mooi verhouding tussen man en vrou nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklvubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Huweliks- en verhoudingspreek 03 Efe.5: 21 – 32 Direkte Afrikaanse Vertaling.

Efesiërs 5: 32,33: “Om hierdie rede sal 'n man sy pa en ma verlaat en hom aan sy vrou verbind – en hulle twee sal een liggaam wees. Hierdie geheimenis is groot; ek sê dit met verwysing na Christus en sy kerk.” Die krisis vandag met die huwelik is dat mense nie glo dat dit 'n vereniging is wat God skep tussen 'n man en vrou nie. Mense wil glo die huwelik is 'n skepping van 'n man en vrou deur 'n verhouding met mekaar. Met hierdie bygeloof vervang hulle God se vereniging om “husband and wife” te wees met verhoudings wat soos mengsels werk: om in mekaar op te gaan, in mekaar op te breek en mekaar nuut te probeer maak, wil hulle hierdie vereniging deur God of self skep of ontwyk. Al wat God nog kan doen met hierdie selfgemaakte mooi verhoudings – is om dit te “bless.” Dit is die modewoord waarmee mense namens God, God se seëninge uitspreek oor hulle alternatiewe verhoudings op die

Christus verenig man en vrou in die huwelik. Hy seën nie mooi verhoudings nie

Here se vereniging van man en vrou. In hierdie bygeloof word God die afgod wat die sedeloosheid van mense as mooi verhoudings moet “bless.” Mans maak nou mooi verhoudings met mans en vrouens met vrouens; Tieners maak mooi verhoudings wat hulle deurleef asof hulle een in liggaam, toekoms, tuiste, inkomste en lewe is; Mense maak mooi verhoudings met meer as net een man of net een vrou, volwassenes maak met kinders “mooi verhoudings”, en hulle wat die Here wel verenig as man of vrou ontken dit deur te verklaar hulle bly net saam. Mense gaan op en breek op in mekaar om saam een visie, een missie, een droom, een fantasieë en een begeerte te wees, wat God moet “bless” asof dit dieselfde as God se vereniging van ’n man en vrou is om “husband” en “wife” te wees. God “bless” nie hierdie verhoudings nie. Hy laat dit strand op die werklikheid dat net Hy man en vrou “husband” en wife” in en vir mekaar maak. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Huweliks- en verhoudingspreek 03 Efe.5: 21 – 32 Direkte Afrikaanse Vertaling. (DAV) Efesiërs 5: 32,33: “Om hierdie rede sal ’n man sy pa en ma verlaat en hom aan sy vrou verbind – en hulle twee sal een liggaam wees.” Wanneer verhoudings wat mengsels is, en nie ’n huwelik is nie, stilstaan en daar nie opwindings is nie, dan sak mense in só ’n verhouding soos water en olie uit mekaar op so ’n manier dat een bo en die ander onder is. Hulle kan net gelyk wees as hulle opgebreek is in mekaar en oorgegee is aan mekaar om alles vir mekaar te wees. Dit is die hart van die hele magstryd van gelykheid binne sogenaamde mooi verhoudings: mense moet gelyk in mekaar opgebreek wees anders is die een bo en die ander is onder. Téénoor hierdie gelykheidstryd in hierdie verhoudings stel Paulus oor die VERENIGING van man en vrou in Efe. 5: 21 só: “Wees ondergeskik aan mekaar uit ontsag vir Christus.” (DAV) Met die vereniging van waterstof en suurstof om water te wees, is daar geen gelykheidstryd teen ’n neiging om uitmekaar te gaan en bo en onder mekaar te wees nie. In water is daar nooit ’n bo of onder nie. Daarom sê Paulus dat ’n man en vrou in hulle vereniging, is aan mekaar ondergeskik. Dit is nie sommer weer net ’n mooi gesindheid of houding nie. Dit is hoe die vereniging ’n man en vrou aan mekaar verbind. In die man is die vrou “wife”, nooit in haarself nie. In die vrou is die man “husband”, nooit in homself nie. In hierdie verbintenis “husband and wife”, is hulle deur hulle vereniging met mekaar, aan mekaar ondergeskik. Die man is “husband” vir sy vrou en die vrou is “wife” vir haar man. In hierdie vereniging kan daar nooit ’n bo of onder wees nie. Waar God nêg glo word vir sy vereniging van man en vrou nie, móét mense altyd ’n gelykheidstryd veg omdat hulle aan mekaar oorgegee is, maar nie met mekaar verenig is as man en vrou nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus